vir oorlogsdoeleindes.

11. Metodes of plekke (hetsy werklik of aan die hand gedoen) van camouflasie of met betrekking tot navorsingswerk in verband met camouflasie, insluitende foplandingsgrond of vliegvelde.

12. Opdragte in verband met verdediging, uitgereik aan lede van die Dienste - die Polisie, die Burgerlike Verdedigingsdienste, nywerheidsondernemings of ander spesiale klasse van persone of sake.

13. Enige seine of bevele uitgereik deur kommandeurs van die Vloot of magte in die veld.

14. Alle inligting wat betrekking het tot ongevalle, tensy amptelik bekend=gemaak deur middel van die Inligtingsburo of verskaf deur familiebetrekkinge.

(NOTA - Indien inligting deur familiebetrekkinge verskaf word, behoort die bekendmaking geen ander inligting te bevat as wat in die amptelike bekendma=king deur die Inligtingsburo vervat is nie. Die prosedure in verband met amp=telike bekendmaking deur die Inligtingsburo word uiteengesit in Aanhangsel 1 van hierdie afdeling - sien verderaan.

B

SKEEPVAART

15. Die beweging of verwagte bewegings van alle Britse of Geallieerde koop=vaardyskepe of van vyandelike skepe van enige soort, of van hulle posisies in hawens of op see te enigertyd, hetsy in die vorm van nuus of advertensies. (Sien nota aan die einde van klousule 19.)

16. Die beweging van neutrale koopvaardyskepe, behalwe met die goedkeuring van die vlootowerheid. (Sien nota aan die einde van klousule 19.)

17. Die name van skepe waardeur persone, goedere of pos die Unie verlaat en die Unie binnekom. (Nota einde klousule 19.)

18. Die verwagte aankoms in of vertrek uit die Unie van vooraanstaande per=sone of afdelingstroepe of vlugtelinge of ontruimdes, waaruit afgelei mag word dat hulle die Unie per boot nader of van die Unie vertrek. (Nota einde klousule 19.)

19. Die beslag lê op vyandelike skepe in Uniewaters of hulle aanhouding in Uniehawens.

(NOTA - In enige geval van twyfel aangaande algemene nuus of hofverrigtings rakende inligting wat deur klousules 15-19 gedek word, behoort na die naaste van die volgende owerhede verwys te word:
Die Vlootpersoffisiere te Kaapstad, Durban, Port Elizabeth of Oos-Londen, of die Buro se verteenwoordigers te Kaapstad of Durban of Pretoria. Waar 'n plaaslike redakteur nie tevrede met die beslissing van 'n plaaslike Vlootpers=offisier te Oos-Londen, Durban of Port Elizabeth is nie, kan hy die betrokke Vlootpersoffisier versoek om na die Vlootpersbeampte te Kaapstad te telefo=neer.)

20. Tipes, tonnemaat, pantser, aksiestraal, toerusting, voorrade of stoor=

vermoë of verbruik van olie, brandstof of petrol van Sy Majesteit se skepe, in= sluitende skepe van die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag ter see.

(NOTA - Die enigste inligting wat gepubliseer mag word, is die vervat in "Jane's Fighting Ships" of 'n ander publikasie wat aan die publiek te koop aan= gebied word.)

21. Enige verlies van, of skade aan, of aanval op, enige van Sy Majesteit se skepe, insluitende skepe van die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag ter See, tot= dat die nuus amptelik bekend gemaak is.

(NOTA - Die verlies van enige skip van die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag ter See sal amptelik bekend gemaak word, deur hetsy die Britse Admiraliteit of deur die Unie-verdedigingsdepartement (deur middel van die Inligtingsburo.) On= gevalle aan die personeel van die Suid-Afrikaanse Verdedigingsmag ter See sal bekendgemaak word deur die Unie-verdedigingsmag, ooreenkomstig die prosedure in Aanhangsel 1 neergelê.

Na die amptelike bekendmakings oor sake deur die klousule gedek, behoort geen bykomende inligting gepubliseer te word nie alvorens eers na die owerheid te verwys. Daar kan verwys word na die naaste van die volgende owerhede:
Die Vlootpersoffisiere te Kaapstad, Durban, Port Elizabeth of Oos-Londen, of die Buro se verteenwoordigers te Kaapstad, Durban en Pretoria.)

22. Enige spesiale oorlogsbedrywigheid by enige hawe, dokke, dokwerwe; dok= akkomodasie of skeepswerwe of bunker; herstel- of ander fasiliteite, hetsy vir die vloot of handelskepe sonder eers na die owerheid te verwys.

(NOTA - Moeilikhede mag ontstaan in die vertolking van hierdie klousule. Daar mag bv. plaaslike geskille of besprekings ontstaan omtrent hawe-ontwikke= lings of die doeltreffende gebruik van bestaande hawegeriewe. Dit is nie die bedoeling van die klousule om die pers te versoek om verslae van sulke plaas= like besprekings of geskille nie te publiseer nie. Maar ten einde te waak teen die moontlikheid dat sulke besprekings of geskille toevallig die besondere ge= bruik of gebruike wat van 'n hawe gemaak word of gemaak sal word, mag openbaar (bv. sy gebruik as 'n vergrote vlootbasis), word versoek dat redakteurs die be= voegde owerheid raadpleeg voordat verslae wat verwysings na inligting in die klousule uiteengesit, bevat, gepubliseer word. Daar behoort verwys te word na die naaste van die volgende owerhede:
Die Vlootpersoffisiere te Kaapstad, Durban, Port Elizabeth of Oos-Londen, of die Buro se verteenwoordigers te Kaapstad, Durban of Pretoria. Dit is die wens en bedoeling van die vloot- en militêre owerheid om hierdie klousule met die grootste moontlike inagneming van die gesigspunt van nuusblaaie te ver= tolk.)

23. Ligte, bakens, ligskepe, boeie of ander gidse vir die skeepvaart van die kuste van die Britse Gemenebes, of die Geallieerde lande.

(NOTA - Kennisgewings spesiaal deur die vlootowerheid aan die Suid-Afrikaan= se Persvereniging uitgereik, kan gepubliseer word.)

24. Mynvelde, tensy amptelik bekendgemaak; ontdekking van vyandelike myne; en metodes van soek na en vernietiging van myne.

C

VLIEGVELDE, VLIEGTUIE EN VLIEGTUIGONGELUKKE

25. Waar die bestaande vliegvelde is of nuwes gebou gaan word.

26. Metodes van beskerming van vliegvelde of vliegtuie op die grond teen aanvalle.

27. Besonderhede aangaande ontwikkelings in vliegtuigvervaardiging of van die uitbreiding in die grootte van die lugmag.

28. Besonderhede omtrent die staf en grootte van lugmagopleidingsdépots.

29. Erkenningseine deur vliegtuie gebruik.

30. Stelsels gebruik om inligting of operasiebevele aan die lugmag op die grond of in die lug aan te stuur.

31. Verslae of beskrywing van militêre vliegtuigongelukke.

(NOTA - Indien 'n vliegtuigongeluk plaasvind, belangrik genoeg om 'n openbare vermelding daarvan te regverdig, sal 'n spesiale verklaring deur die Verdedigingsdepartement deur middel van die Inligtingsburo uitgereik word. Indien nuusblaaie 'n besondere vliegtuigongeluk van genoegsame belang ag om openbare vermelding te regverdig, word hulle gevra om hulle vertoë tot die naaste verteenwoordiger van die Inligtingsburo te rig. Hierdie klousule geld ook vir foto's van vliegtuigongelukke.)

D

WEER

32. Weervoorspellings, tensy spesiaal vir publikasie uitgereik; lopende weersomstandighede; weerstoestande bestaande binne 'n tydperk van 48 uur voor die tyd van publikasie.

(NOTA) - Met die oog op die feit dat daar moeilikhede ontstaan het in die verlede omtrent beperkings op die publiseer van „weerstories," is daar ooreengekom dat nuusblaaie as 'n saak van roetine die plaaslike weerkundige beampte behoort te raadpleeg alvorens enige inligting omtrent lopende weerstoestande, of weerstoestande bestaande gedurende 'n tydperk van 48 uur voor die tyd van die voorgestelde publikasie, te publiseer. Die weerkundige beampte sal in staat wees om te sê of plaaslike weerstoestande, soos 'n haelstorm of 'n sneeustorm, deel is van 'n algemene weersomstandigheid dwarsdeur die land. Indien plaaslike weerstoestande 'n algemene weerstoestand dwarsdeur die land aandui, dan kan die weerkundige beampte die pers vra om hom te onthou van die publiseer van enige inligting omtrent plaaslike weerstoestande. Indien plaaslike weerstoestande daarenteen afgesonderde voorvalle is, dan kan die weerkundige beampte die plasing van 'n weerverslag magtig. Die owerheid is egter besonder begerig dat lopende weerstoestande in die kusstreke nie gerapporteer word nie, en die beperkings op die publikasie van weerverslae sal na alle waarskynlikheid veel strenger wees as in binnelandse sentrums.

Hierop volg die name en telefoonnommers van plaaslike weerkundige beamptes wat geraadpleeg moet word te Kaapstad, Durban, Oos-Londen, Port Elizabeth, Pretoria en word verklaar:

Weerkundige beamptes te Bloemfontein en Kimberley is nie gemagtig om beslissings oor weerberigte te gee nie, en nuusblaaie op hierdie plekke word gevra om in aanraking met die Buro per druktelegraaf te kom.

SKADE

33. Enige skade aangerig deur vyandelike optrede aan of sabotasie aan, of diefstal van enige dokwerwe, of skepe, of vloot-, militêre, lugmag- of ander

Regeringsinrigting, ammunisiefabriek of ander fabriek bedrywig op werk i.v.m. die oorlog, spoorweë, dokke, skepe, skeepswerwe, brûe, hoofweë, waterwerke, stoordamme, lyne, myne, olie-installasies, gaswerke of enige telegraaf of telefoonlyn of -kantoor, sonder dit eers na die Inligtingsburo te verwys nie.

## SLEUTELPUNTE

34. Die plek, oprigting, uitbreiding of verwydering van 'n kragstasie, sentrale beheerpunt, waterwerke-beheerpunt, water-, elektriese of gas-hoofaansluiting of enige ander sleutelpunt in dienste wat noodsaaklik is vir die verdediging van die Unie of vir die voortsetting van die oorlog of noodsaaklik vir die lewe van die gemeenskap.

(NOTA - Dit is belangrik om daarop te let dat klousule 91 (2) van die Verdedigingswet (sien Deel I van die Memorandum) die publiseer van inligting m.b.t. fortifikasie verbied. Dit word vertolk om te beteken dat die plek, oprigting, uitbreiding of verandering van vestings of fortifikasies, insluitende kuskanonstellings en dergelike werke, sake is in verband waarmee sake nie gepubliseer mag word nie.)

## SPOORWEË

35. Die plek van enige nuwe of wyer gemaakte brug of nuwe lyne, of uitbreidings of veranderings daarvan, sonder eers na die Inligtingsburo te verwys.

## KOMMUNIKASIES

36. Versendingstasies van die Regering, of hulle ligging, krag of die gebruik van versenders van tyd tot tyd; en enige tegniese punte i.v.m. die uitsaaiwerk.

37. Die tydelike opskorting van pos- en telegrafiese kommunikasies sonder eers na die Inligtingsburo te verwys.

38. Enige syfers of kodes gebruik in enige diens van die Regering.

## VERSKEPING VAN GOUDSTAWE

39. Die verskeping van goudstawe, diamante of sekuriteite van of na enige deel van die Britse Gemenebes of enige Geallieerde land.

## BYVOEGSEL

Nuusblaaie word versoek om -

1. stof wat vir publikasie in die sosiale en persoonlike kolomme sowel as in die persoonlike advertensiekolomme voorgelê word, noukeurig na te sien.

(NOTA - Die owerheid sal dit op prys stel indien nuusblaaie die aandag van die Inligtingsburo sal vestig op enige kennisgewings van 'n agterdogtige aard wat vir publikasie voorgelê mag word.)

2. advertensie vir pennevriendskappe te ontmoedig.

(NOTA - Die ondervinding het getoon dat die vyand pennevriendskappe gebruik het om waardevolle inligting te verkry.)

3. amptelike ongevallelyste onder die algemene hoof „Erelys" te publiseer.

(NOTA - Die vorm van bekendmaking van ongevalle is onlangs gewysig om tegemoet te kom die beswaar dat die name van offisiere en manskappe „Voorheen vermis en later veilig na basis teruggekeer" nie in 'n lys behoort te verskyn wat „met leedwese" die dood of verwonding aankondig van ander offisiere en manskappe nie.)

4. Die algemene beskrywing „Lugmag" te gebruik liewer as die „Suid-Afrikaanse Lugmag" of „Koninklike Lugmag", wanneer verwys word na lugopleidingsinrigtings of lugpersoneel in Suid-Afrika.

(NOTA - Die doel van hierdie versoek is om die vyand so min moontlik kans te gee om die getal loodse en lugpersoneel wat in die Unie opgelei word, te skat.)

5. Waar moontlik of geskik, uitsaaipraatjies deur vooraanstaande sprekers oor verskillende onderwerpe i.v.m. die S.A. oorlogspoging te publiseer.

(NOTA - Die S.A. Uitsaaikorporasie maak dikwels plaatopnames van praatjies wat deur die Britse Uitsaaikorporasie uitgesaai word. Op spesiale aansoek vooruit deur nuusblaaie, kan afskrifte van hierdie opnames d.m.v. die Inligtingsburo verskaf word. Die Buro sirkuleer ook praatjies deur die druktelegraaf aan nuusblaaie deur Suid-Afrikaanse sprekers.

## AANHANGSEL I

Publikasie van Ongevalle.

Alle inligting wat betrekking het op ongevalle - alle takke van die U.V.M. - sal deur die Verdedigingsdepartement d.m.v. die Inligtingsburo verskaf word.

Ongevallelyste sal vir publikasie beskikbaar wees sodra die naasverwantes in kennis gestel is.

Die Departement van Verdediging sal alle besonderhede wat nodig is vir die identifikasie van die betrokke individue verskaf, maar sal nie, tensy die omstandighede dit toelaat, die regiment of regimente waarvan die ongevalle lede was, spesifiseer nie.

Doodberigte - hetsy in redaksie- of advertensiekolomme - moet geen militêre inligting bevat anders dan die wat in die amptelike bekendmaking vervat is nie.

Die prosedure t.o.v. die publiseer van ongevalle van Suid-Afrikaners wat met die magte van die Verenigde Koninkryk dien, is as volg:

Die betrokke diensdepartement, bv. die oorlogskantoor, die Admiraliteit of die Ministerie van Lugvaart, sal regstreeks aan die naasverwante telegrafeer, en 'n afskrif van die telegram sal na Suid-Afrikahuis gestuur word vir die inligting van die Unie-Hoëkommissaris. 'n Volledige ongevallelys word dan in Londen uitgereik en Reuter stuur 'n berig na S.A. om die ongevalle bekend te maak.

Oor die algemeen sal die bekendmaking van hierdie ongevalle die prosedure volg wat in die Verenigde Koninkryk in swang is, maar as leidraad vir die S.A. pers - indien hy doodberigte van familiebetrekkinge in Suid-Afrika vir publikasie ontvang, sal die volgende notas nuttig wees:

(1) Amptelike ongevallelyste word van tyd tot tyd deur die drie Dienstedepartemente van die Verenigde Koninkryk vir publikasie in die pers uitgereik. Die naasverwantes word eers in kennis gestel voordat die

lyste vrygestel word.

(2) Besonderhede wat in die lyste verskyn is:
Personeel van die vloot en Koninklike Marine - rang, naam en nommer (die laasgenoemdes slegs in die geval van manskappe,) en skip, waar die lyste betrekking het tot die verlies of beskadiging van enige besondere skip.

Militêre personeel - rang, naam en nommer en die regiment of korps, maar nie die besondere eenheid nie (sien klousule 6).

Lugmagpersoneel - rang, naam en nommer alleen.

(3) Inligting t.o.v. ongevalle behoort nie gepubliseer te word nie, tensy dit die pers bereik het deur of
(a) amptelike lyste, of
(b) doodberigte van die naasverwantes, familiebetrekkinge of vriende.

(4) Doodberigte behoort nie enige inligting te bevat anders dan die wat in die amptelike lyste verskyn nie. Enige verwysing na die datum, plek, omstandighede of wyse van ongevalle moet uitgesluit word. Die formasie of mag of oorlogsterrein waarin die ongeval plaasgevind het, of die besondere eenheid mag nie gemeld word nie. (Sien klousule 6 hieronder vir vertolking van die beperking i.v.m. die vermelding van militêre eenhede.) Sulke verwysings moet ook uitgesluit word uit ander private kennisgewings - geboortes, huwelike of advertensies vir vermiste manne - wat ingestuur word vir publikasie t.o.v. diensdoende lede van Sy Majesteit se magte.

(5) Kennisgewings ten aansien van personeel van die vloot en Koninklike Marine moet nie die naam van die skip waarin die ongeval plaasgevind het, meld nie, tensy dit amptelik bekendgemaak is.

(6) Die beperking op die vermelding van militêre eenhede word as volg vertolk. Dit is veroorloof om te meld:

(a) enige infanterieregiment, of regiment van wagte te voet of lyfwagte;
(b) die Life Guards, Royal Horse Guards, 1st Royal Dragoons en die Royal Scots Greys (2nd Dragoons);
(c) die Royal Regiment of Artillery, die Royal Tank Regiment en die Honourable Artillery Company;
(d) die Royal Armoured Corps, die Corps of Royal Engineers of enige ander korps;
(e) die Royal Army Chaplains Department.

Dit is nie veroorloof nie om te meld:

(a) enige bataljon wagte te voet, infanterie of tenks;
(b) enige artillerieregiment, bv. perde, veldartillerie of lugafweer;
(c) die nommer of benaming van enige regiment perderuiters wat deel uitmaak van die Royal Armoured Corps, d.w.s anders dan die vier regimente perderuiters hierbo genoem; behalwe dat daar geen beswaar is teen die gebruik van die terme Dragoon Guards, Hussards of Lancers, soos die geval mag wees.

## DEEL IV

### Algemeen.

Die Inligtingsburo, word in hierdie deel verklaar, is 'n afdeling van die Departement van Binnelandse Sake, waarop die name van die vernaamste amptenare, hulle adresse en telefoonnommers volg. Daarop volg besonderhede oor die wyse waarop nuus vrygestel word, naamlik:

Vlootnuus met insluiting van die verdediging ter see sal deur die Vlootpersbeampte uitgereik word. Navrae i.v.m. sodanige nuus moet gerig word aan die Inligtingsburo.

Militêre nuus sal soos in die verlede behandel word, nl.:

Die Inligtingsburo het reëlings getref met die Departement van Verdediging waarby offisiere in bevel van die plaaslike kommandemente gemagtig is om regstreekse verbindings met die plaaslike pers te handhaaf oor sake van plaaslike belang. Offisiere in bevel van plaaslike kommandemente sal egter nie gemagtig wees om verklaringe uit te reik oor sake van die beleid van die Verdedigingsdepartement of sake van algemene belang vir die hele land nie. Die Inligtingsburo reik sulke verklarings uit.

Die Buro het 'n militêre offisier aan sy staf verbonde wie se pligte is:

(a) om nuusblaaie behulpsaam te wees in die verkry van spesiale of eksklusiewe stories, handelende oor een of ander bedrywigheid van die U.V.M.

(NOTA - Nuusblaaie word deur die Inligtingsburo uitgenooi om hulle eie idees vir leërstories aan die hand te doen. Alle hulp sal aan koerantmanne gegee word om eksklusiewe stories, bv. van die prestasies van S.A. vlieërs of eksklusiewe onderhoude met senior offisiere van die U.V.M. te verkry.)

(b) Om oor die algemeen op te tree as skakeloffisier tussen die pers en die Verdedigingsowerheid.

(c) Om alle geheime militêre bedrywighede wat nie dadelik aan die pers vrygestel word nie, te dek.

(d) Om op te tree as kanaal vir die sensoreer deur die militêre owerheid van enige stof wat nuusblaaie sou wil voorlê vir oorweging deur 'n owerheid hoër as die plaaslike kommandemente.

(NOTA - In gevalle waar die Buro gevra word om hierdie diens te verrig, sou dit wenslik wees indien nuusblaaie duidelik die punt of punte ter sprake sal aandui.)

Die afnemers van individuele koerante sal nie verbied word om foto's van militêre bedrywighede te neem nie. Die afnemers van nuusblaaie moet egter aansoek doen om sulke foto's te neem en die vloot- en militêre owerheid sal in elk geval wanneer hulle militêre kampe of inrigtings besoek, hulle van 'n gids voorsien. Hulle foto's is ook onderhewig aan militêre sensorskap deur die plaaslike Kommandement of die Vlootpersbeampte of deur die agentskap van die Buro.

## DEEL V

Regulasies vir Oorlogskorrespondente.

### I - REGULASIES

1. 'n Persverteenwoordiger sal onderhewig wees aan die reglement van Militêre Dissipline vanaf die tyd wat hy troepe of lugmagpersoneel wat op aktiewe diens is, begin vergesel. Hy sal aanhou om aan militêre of lugmagwette onderworpe te

wees totdat hy ophou om sodanige troepe of lugmagpersoneel te vergesel, of totdat laasgenoemde ophou om op aktiewe diens te wees.

2. Die beheer oor persverteenwoordigers in die veld berus by die Direkteur van Militêre Inligting wie se verteenwoordiger vir die doel die Adjunk-Direkteur van Openbare Verhoudings is. Hierdie offisier moet deur persverteenwoordigers beskou word as hulle bevelvoerende offisier; hy, of sy verteenwoordiger, sal alle lisensies mede-onderteken; mededelings oor amptelike sake sal aan hom gerig word. Senior Offisiere sal nie genader word nie, hetsy per brief of persoonlik, behalwe deur die bevelvoerende Offisier van Openbare Verhoudings.

3. Die Adjunk-Direkteur van Openbare Verhoudings sal in bevel wees van perskampe waar hulle nodig geag word. Die A.D.O.V. sal verantwoordelik wees vir die dissipline van alle administratiewe reëlings i.v.m. sy kamp.

4. Persverteenwoordigers kan deur enige offisier, onderoffisier of manskap, of vlieënier in bevel van 'n pos of patrollie,deur enige soldaat of vlieënier wat as wag of in 'n soortgelyke hoedanigheid diens doen, of deur enige lid van die militêre, lugmag- en veldveiligheidspolisie gevra word om hulle lisensies of passe te toon.

5. 'n Persverteenwoordiger wat in gebreke bly om sy lisensie op aanvraag soos hierbo te toon, kan gearresteer of aangehou word. Die plaaslike militêre owerheid moet onmiddellik enige sodanige geval aan die A.D.O.V. of sy verteenwoordiger rapporteer, wat onmiddellik stappe vir identifikasie sal doen.

6. Persverteenwoordigers moet dadelik enige opdrag wat aan hulle deur die persone hierbo vermeld, in die uitvoering van hulle pligte gegee word, uitvoer. Indien 'n persverteenwoordiger meen dat hy rede het om te kla, kan hy enige sodanige klag by die A.D.O.V. indien.

7. Onder geen omstandighede moet 'n persverteenwoordiger met enigeen van bogenoemde personeel 'n argument aanknoop nie; laasgenoemde handel vermoedelik volgens bevele aan hulle deur 'n hoër gesag uitgereik.

8. Geen persverteenwoordiger mag gebiede voor of agter onvergesel besoek nie sonder verlof van die D.M.I. of sy verteenwoordiger. Sodanige verlof moet duidelik die gebied meld wat besoek sal kan word, en moet op aanvraag op dieselfde voorwaardes as wat van toepassing is op lisensies, getoon word. (Sien par. 4, 5 en 6 hierbo.)

9. Persverteenwoordigers kan beperk of belet word om enige deel van die streek deur die S.A. mag beset, te besoek, indien sodanige bevel deur die Opperbevelhebber, of sy verteenwoordiger uitgereik word.

10. Goedgekeurde persverteenwoordigers sal uniforms en onderskeidingsmerke dra, as volg:

Uniform en hoofbedekking: Dienstenuemodel van vaal gekleurde stof of sodanige dergelyke stof as wat deur troepe in die veld gedra word.

Toerusting: 'n Leergordel of 'n gordel van dieselfde kleur en stof soos die dienstenuebaadjie.

Kenteken van die pet: In vergulde sajet die letters "C.K." in reliëf op 'n halwe koepel, omgewe van 'n kabel sonder end, gedra op 'n skyf van groenkleurige laken.

Skouerteken: Geskikte tweetalige benaming om S.A. oorlogskorrespondente aan te dui.

Armband: Swart en wit vertikale strepe, elk 2" breed met die woord "Press" op die regterarm en die woord "Pers" op die linkerarm elk in ¾" rooi letters.

Reëlings vir die verskaffing van uniform, hoofbedekking en toerusting moet deur die persverteenwoordigers self getref word.

Kentekens van die pet, skouertekens en armbande sal deur die Departement van Verdediging verskaf word en sal met die lisensie aan die persverteenwoordiger uitgereik word. Enige latere uitreiking sal by terugbetaling geskied.

Persverteenwoordigers word nie toegelaat om gewone klere op die oorlogterrein te dra nie.

11. 'n Persverteenwoordiger wat meen dat hy rede het om te kla, sal sodanige klag onder die aandag van die A.D.O.V. bring, en laasgenoemde sal, na voorlopige ondersoek, die saak na die D.M.I. of sy verteenwoordiger verwys indien hy van mening is dat die omstandighede hierdie stap vereis of indien die betrokke persverteenwoordiger onwillig is om in hierdie beslissing te berus.

12. In die geval van ernstige klagte sal die saak deur die D.M.I. of sy verteenwoordiger aan die Departement van Verdediging gerapporteer word, vir mededeling aan die nuusblad, tydskrif, agentskap of ander betrokke organisasie.

13. Ongevalle aan persverteenwoordigers sal regstreeks deur die Departement van Verdediging aan die betrokke organisasie bekend gemaak word.

14. Persverteenwoordigers sal dieselfde algemene en geneeskundige behandeling ontvang as wat aan die offisiere toegestaan word.

15. (a) Persverteenwoordigers sal in die plekke woon wat aan hulle toegewys word.
 (b) In geval daar besluit word om persverteenwoordigers in te kwartier, sal die nodige reëlings getref word deur die A.D.O.V. of sy verteenwoordiger.
 (c) Indien daar besluit word om 'n gemeenskaplike tafel vir persverteenwoordigers daar te stel, moet aansoek gedoen word deur die A.D.O.V. of sy verteenwoordiger. Vir sover die verdienstes van die diens sulks toelaat, sal fasiliteite verskaf word vir die daarstelling van so 'n tafel asook vir die vervoer van voorrade in verband met die tafel.

16. (a) Vervoergeriewe, indien beskikbaar, sal aan Persverteenwoordigers toegeken word in militêre voertuie, kommunikasievliegtuie van die Lugmag en troepetreine; maar in geen omstandighede kan enige eis vir vertraging of verlies in oorweging geneem word nie, selfs indien dit later nodig bevind word om 'n persverteenwoordiger van die vervoermiddel te laat afklim voordat die reis voltooi is. Indien persverteenwoordigers gemagtig word om in enige diensvervoermiddel, insluitende die kommunikasievliegtuie van die Lugmag, te reis, sal hulle vereis word om 'n indemniteitsvorm te teken.
 (b) Persverteenwoordigers sal voorsien word van openbare transportmiddels vir die vervoer van hul bagasie en hulle word verbied om gebruik te maak van private voertuie of trekdiere. Die gewig van die bagasie wat in die veld geneem mag word, varieer na gelang van omstandighede.

17. (a) Persverteenwoordigers sal, terwyl hulle in die veld as Oorlogskor=respondente optree, 'n las op die leër wees, behalwe t.o.v. salaris=se, geldelike toelaes of waar voorsiening andersins in hierdie regu=lasie gemaak word.
(b) Die Verdedigingsdepartement behou hom die reg voor om enige buiten=gewone koste deur die oorlogskorrespondente beloop, en wat uitgawes vir die Departement meegebring het, te verhaal.

## II - FASILITEITE VIR INLIGTING EN SENSORSKAP

18. Ten einde oorlogskorrespondente op hoogte te laat bly omtrent sake van belang, sal die volgende reëlings getref word:-

(a) Opsommings oor verskillende sake sal vir die Pers deur die Generale Staf opgestel word.
(b) Perskonferensies sal van tyd tot tyd gehou word.
(c) Begeleide besoeke na verskillende punte in die streek deur die Unie=troepe beset.

19. Vir sover dit redelik moontlik en oordeelkundig kan geskied, en met be=hoorlike inagneming van die noodsaaklikheid soms vir die strengste geheimhou=ding, is die D.M.I. voornemens om oorlogskorrespondente sover moontlik in sy vertroue te neem, wetende dat sodanige vertroue gerespekteer sal word.

20. Oor die algemeen sal die Persverteenwoordiger se gesonde verstand hom leiding gee t.o.v. die versigtigheid wat betrag moet word in die skryf van dinge wat vermoedelik die vyand mag help, of wat die Magte mag hinder of bena=deel. Daar is sekere sake wat moontlik is te bepaal as verbode te wees in pers=verslae. Dit is:

(a) Samestelling en plek van die formasies.
(b) Besonderhede van troepebewegings.
(c) Operasie-orders.
(d) Kritiek van 'n persoonlike aard.
(e) Planne en voorgenome operasies.
(f) Ongevalle.
(g) Organisasie.
(h) Plekname.
(i) Name van formasies en eenhede.

LET WEL: Met betrekking tot lg. is daar natuurlik geen beswaar teen die ver=wysing na eenhede as 'n artillerie-eenheid, plattelandse regiment, Natalse re=giment ens. nie.

In die algemeen is die beperking vervat in (i) 'n voorgevegsbeperking. Waar dit nie in stryd is met noodsaaklike behoedsaamheid en geheimhouding nie, sal aanmoediging gegee word aan die oogmerk om die prestasie van regimente te vermeld en hul trots en tradisie daardeur op te bou.

21. In die beskrywing van stellings behoort geen gewag gemaak te word van die aard van tenkafweer of ander versperrings of fortifikasies, diepte van stel=lings, ens. nie. Algemene terme kan gebruik word i.v.m. loopgrawe, draad, be=ton, ens. Maar enige omstandige inligting wat, indien dit die vyand bereik, skade kan aanrig,moet geheel en al weggelaat word.

22. Alle mededelings vir publikasie moet oorhandig word aan 'n behoorlik ge= magtigde offisier, wat dadelik die sensoreer daarvan sal vergemaklik. Die kor= respondent sal slegs daarna fasiliteite verkry vir die pronte wegstuur van die berigte deur militêre kommunikasie- of ander middels deur die verantwoordelike offisier goedgekeur.

23. Persverteenwoordigers word verbied om sonder magtiging tekenings te maak, foto's te neem of rolprentopnames te doen, of, indien sodanige magtiging gegee is, hulle vir publikasie te stuur aan enige nuusblaaie, tydskrifte, agentskap= pe of ander organisasies, behalwe die wat hulle verteenwoordig. Verlof om te= kenings te maak, foto's te neem of rolprentopnames te doen, kan, na goeddunke van die Opperbevelhebber van die Magte in die veld, teruggetrek of ingekort word.

24. Alle tekenings, rolprente en foto's, gemaak of geneem i.v.m. die veld= magte, is onderhewig aan sensorskap. Tekenings en onontwikkelde negatiewe van foto's en rolprente moet oorhandig word aan die Generale Staf-inligtingsoffi= sier wat reëlings sal tref vir hul ontwikkeling, sensorskap en terugsturing aan die korrespondent vir versending.

25. Die private korrespondensie van persverteenwoordigers is onderhewig aan sensorskap op dieselfde wyse soos private korrespondensie van troepe in die leër se gebied.

26. Private of sakemededelings (met die uitsondering van persverslae) kan alleen deur die Leërposdiens uit die Leër se gebied gestuur word. Die Verde= digingsdepartement sal met redelike spoed enige telegrafiese mededelings tus= sen 'n nuusbladkorrespondent en sy werkgewer deurstuur.

27. Oorlogskorrespondente sal nie die gebied van die Suid-Afrikaanse Magte verlaat nie sonder die toestemming van die A.D.O.V. wat reëlings sal tref vir die uitreiking van die verlofbrief.

28. Oorlogskorrespondente het die status van offisiere, behalwe dat hulle geen uitvoerende bevoegdheid besit nie. Hulle is onderhewig aan militêre en lugmagwette as offisiere wanneer hulle in die operasiegebiede is.

29. Dit staan Oorlogskorrespondente vry om met die troepe te gesels wan= neer hulle wil, onderworpe aan die goedkeuring van die begeleidende offisier wat by die betrokke troepe aanwesig is. Oorlogskorrespondente word versoek om nie oor politieke kwessies met troepe te praat, met hulle te gesels terwyl hulle werk of op wag staan, of sake te bespreek wat definitief geheim is nie.

## III - AANSTELLING VAN PERSVERTEEN= WOORDIGERS

30. Die voorlopige goedkeuring vir persverteenwoordigers om 'n mag in die veld te vergesel, berus by die Departement van Verdediging. Voordat aanstel= lings geskied, sal die vernaamste nuusblaaie en ander organisasies geraad= pleeg word.

31. 'n Register van Persverteenwoordigers sal by die Verdedigingshoofkwar= tier gehou word waarin die name aangeteken sal word van persverteenwoordigers wat goedgekeur is en toegestem het om vir gespesifiseerde nuusblaaie, tydskrif= te, agentskappe of ander organisasies op te tree as persverteenwoordigers. Ten einde hul lisensies as persverteenwoordigers toegeken te kry, behoort aansoek

om namens persverteenwoordigers in die register ingesluit te word, gedoen te word deur die Nuusblad-Persunie, of ander goedgekeurde organisasie. Sodanige aansoeke moet gerig word aan die Adjunk-Direkteur van Militêre Inligting, Departement van Verdediging, Pretoria.

33. Wanneer aansoeke aangestuur word, sal die Nuusblad-Persunie of ander goedgekeurde liggaam in die geval van elke voorgestelde Persverteenwoordiger ook aanstuur -

(a) 'n verklaring van die persoon se verlede en identiteit op die voorgeskrewe vorm, bevattende die nodige besonderhede vir invoeging op die lisensie, indien toegestaan;
(b) twee kopieë van 'n hoof-en-skouersfoto, een kopie sal aan die lisensie, indien uitgereik, geheg word, en die ander sal aan die Adjunk-Direkteur van Militêre Inligting gestuur word.

Die minimum-grootte van hierdie foto sal twee duim by $1\frac{1}{2}$" wees en moet geneem gewees het nie langer as 'n jaar voor die datum waarop die aansoek deur die A.D.M.I. ontvang is.

34. Die betrokke militêre owerheid behou die reg voor om registrasie te weier sonder om sy rede vir die weiering te gee. Sodanige weiering sal onmiddellik meegedeel word.

35. Die aantal persverteenwoordigers aan wie lisensies toegeken sal word, sal beslis word deur die Verdedigingsdepartement, in oorleg met die pers.

36. 'n Tydelike lisensie sal deur die Verdedigingsdepartement uitgereik word en sal deur die A.D.M.I. of sy verteenwoordiger onderteken word. Later sal 'n lisensie deur die Leërraad uitgereik word.

37. 'n Lisensie sal gewoonlik nie voor die dag van vertrek met die Magte uitgereik word nie. Wanneer dit uitgereik word, sal die begeleidende offisier of ander offisier in bevel verantwoordelik daarvoor wees om te verseker dat die houer sy naam teken in die ruimte wat op die lisensie verskaf word.

38. Geen offisier van die Magte, en geen persoon wat in enige amptelike hoedanigheid optree, sal toegelaat word om 'n mag in die veld as persverteenwoordiger te vergesel nie.

39. Afgetrede offisiere wat as persverteenwoordigers optree, sal in hul mededelings aan die Pers nie gebruik maak van hul militêre of lugmagtitels nie.

40. Van enige Persverteenwoordiger wat onderhewig word aan oorlogsdiens, kan vereis word om enige sodanige verpligtings na te kom en sy werk as persverteenwoordiger te laat staan.

## IV - ALGEMEEN

41. 'n Persverteenwoordiger moet goed verstaan dat sy lisensie hom alleen magtiging verleen om in eerste instansie na die basis te gaan. Daar moet hy wag op instruksies van die A.D.O.V., of sy verteenwoordiger; en voordat sy lisensie deur die A.D.O.V. of sy verteenwoordiger mede-onderteken is, is hy nie toegelaat om in die hoedanigheid van „Oorlogskorrespondent" op te tree nie.

42. 'n Persverteenwoordiger sal sy lisensie verbeur indien sodanige verbeuring, na die mening van die Opperbevelhebber van die Magte, nodig blyk.

43. Van ʼn persverteenwoordiger sal vereis word om vir sodanige minimum-tyd= perk met ʼn veldmag te bly as wat deur die Departement van Verdediging bepaal mag word. Geen persverteenwoordiger mag, behalwe met die goedkeuring van die Opperbevelhebber van die Magte in die veld, sy lisensie bedank nie. In die ge= val van hetsy verbeuring of goedgekeurde bedanking van sy lisensie, sal ʼn pers= verteenwoordiger sodra die vereistes van die diens sulks toelaat, van die ope= rasieterrein gestuur word, maar die Opperbevelhebber kan sodanige persveerteen= woordiger binne die gebied waar die sensorskap uitgeoefen word, vir sodanige tydperk aanhou as wat hy nodig vind, en kan die roete voorgeskryf waarlangs die persverteenwoordiger terug moet gaan.

44. Verlof om ʼn mag in die veld as persverteenwoordiger te vergesel, lê geen verpligtings op die Regering nie, hetsy teenoor die persoon aan wie die verlof toegestaan word, of teenoor die nuusblad, tydskrif, agentskap of ander organi= sasie wat deur hom verteenwoordig word, behalwe dié wat in die regulasies ge= spesifiseer is.

45. Verlof om ʼn mag in die veld as persverteenwoordiger te vergesel, lê op lg. die volgende verpligtings:-

(a) Om te voldoen aan al die regulasies wat van tyd tot tyd van toepas= sing is op persverteenwoordigers wat S.A. magte in die veld verge= sel.
(b) Om te voldoen aan alle reëls en bevele deur die Opperbevelhebber deur die A.D.O.V. of sy verteenwoordiger uitgereik.
(c) Om te voldoen aan enige bevele van ʼn hoër gesag ontvang of om die vereistes van die S.A. Verdedigingswet, 1912, soos van toepassing op ʼn persoon wat die status van offisier beklee, na te kom.
(d) Om hulle te onthou aan enige daad wat die veiligheid, welsyn of die moreel van die magte van Sy Mejesteit, of van enige Geallieerde of medewerkende moondheid, mag benadeel.
(e) Om hulle daarvan te onthou om, solank as wat die oorlog voortduur, by die magte van enige ander moondheid aan te sluit, hetsy as pers= verteenwoordiger of in enige ander hoedanigheid, sonder die goedkeu= ring van die Departement van Verdediging.

46. ʼn Eksemplaar van hierdie regulasies sal verskaf word aan alle persone aan wie ʼn persverteenwoordigerslisensie toegeken is, en hulle sal vereis word om die verklaring in die Aanhangsel gegee, te teken.

AANHANGSEL

Verklaring deur Persverteenwoordiger geteken te word

Ek, die ondergetekende..........................................................

.......................................................................................

het die „Regulasies vir Persverteenwoordigers wat ʼn mag in die veld vergesel" gelees, en as ek verlof kry om na ʼn basis van die Uniemagte in die veld te gaan om as persverteenwoordiger namens -

.......................................................................................

op te tree, beloof ek hierby plegtig:

(a) Om aan al die regulasies van tyd tot tyd van toepassing op persver=

teenwoordigers wat S.A. troepe in die veld vergesel, te voldoen.

(b) Om aan enige reëls of bevele wat die Opperbevelhebber deur die A.A.D.O.V. of sy verteenwoordiger m.b.t. Persverteenwoordigers mag uitreik, te voldoen.

(c) Om aan enige bevele van hoër gesag ontvang te voldoen, en om die vereistes van die S.A. Verdedigingswet 1912 soos gewysig, en die reglement van Militêre Dissipline, soos toepaslik op 'n persoon wat die status van 'n offisier beklee, na te kom.

(d) Om my te onthou aan enige daad wat op enigerlei wyse die veiligheid, welsyn of moreel van die magte van Sy Majesteit of van enige Geallieerde of samewerkende moondheid mag benadeel.

(e) Om my te onthou aan aan te sluit by enige ander moondheid, sonder die goedkeuring van die Departement van Verdediging, of die Bevelvoerende Offisier, hetsy as persverteenwoordiger of in enige ander hoedanigheid, solank as wat die oorlog duur.

Naamtekening van persverteenwoordiger.......................................

Naamtekening van Getuie.......................................

Beroep van getuie.......................................

Adres van getuie.......................................

Plek.......................................

Datum.......................................

Hierdie verklaring moet in duplikaat deur die Persverteenwoordiger en Getuie onderteken wees. Een eksemplaar moet aan die A.A.D.O.V. of sy verteenwoordiger gestuur en een eksemplaar moet deur die Departement van Verdediging gehou word.

Die naam en adres moet volledig in blokletters gegee word.

BYLAE B

SUID-AFRIKAANSE PERSVERWYSINGSRAAD

# G R O N D W E T

Aangeneem by 'n Spesiale Algemene Vergadering van lede van die Persunie van Suid-Afrika gehou in Johannesburg op 12 en 13 Maart 1962 en van tyd tot tyd gewysig tot 14 Januarie 1964

Nademaal die Persunie van Suid-Afrika glo dat 'n vrye pers, waarvan die primêre funksies is om die publiek met juistheid in te lig en om regverdig kommentaar te lewer op sake van openbare belang, fundamenteel is vir die bestaan van enige demokratiese Staat.

En nademaal die Persunie van Suid-Afrika glo dat die voortbestaan van 'n vrye pers die beste verseker kan word deur die aanvaarding deur nuusbladeienaars, -redakteurs en -joernaliste van die hoogste gedragstandaard.

En nademaal dit wenslik geag word om 'n vrywillige gedragskode te aanvaar en om 'n organisasie daar te stel om te verseker dat die kode geëerbiedig word, aanvaar hierdie Spesiale Algemene Vergadering van die Persunie van Suid-Afrika die gedragskode wat in die bylae hierby aangegee word en stig dit 'n Verwysingsraad wat ooreenkomstig die reëls en met die doelstellings wat hieronder uiteengesit is, moet optree:

1. DOELSTELLINGS

(a) Om behulpsaam te wees met die handhawing van die karakter van die Suid-Afrikaanse dagblad-, weekblad- en tydskrifpers ooreenkomstig die hoogste professionele en kommersiële standaarde deur eienaars en radakteurs en hulle personeellede en alle ander joernaliste wat in die Republiek werksaam is, te beweeg tot die vrywillige nakoming van die gedragskode wat in die bylae hiervan uiteengesit is.

(b) Om beweerde oortredings van die kode te oorweeg ten opsigte van stof wat in Suid-Afrikaanse publikasies verskyn, of stof wat uit Suid-Afrika afkomstig is en in buitelandse publikasies verskyn, en om ingevolge sodanige oorweging ooreenkomstig hierdie reëls op te tree.

(c) Om van tyd tot tyd verslae te publiseer betreffende die werk van die Verwysingsraad en oor enige ontwikkelings wat die Raad as skadelik beskou vir die instandhouding van 'n vrye pers in die Republiek van Suid-Afrika.

2. VERWYSINGSRAAD

(a) 'n Verwysingsraad word gestig bestaande uit 'n Voorsitter en alternatiewe Voorsitter, en twee lede en twee plaasvervangende lede.

(b) Die twee gemelde lede van die Raad en hulle sekundusse word deur die Uitvoerende Raad van die Persunie van Suid-Afrika aangestel.

(c) Die Voorsitter van die Raad en sy sekundus moet afgetrede lede van die regbank wees en word deur die Uitvoerende Raad van die Persunie van Suid-Afrika aangestel nadat oorweging geskenk is aan enige aanbeveling van die twee lede wat ooreenkomstig paragraaf (b) hiervan aangestel is.

(d) Onderworpe aan die reg van die Uitvoerende Raad van die Persunie van Suid-Afrika om die aanstelling te eniger tyd te beëindig, beklee die Voorsitter en lede van die Raad en hulle sekundusse hulle amp vir 'n tydperk van drie (3) jaar vanaf die datum van aanstelling, maar is hulle verkiesbaar vir heraanstelling na die verstryking van hul gemelde ampstermyn.

(e) Enige toevallige vakature in die amp van Voorsitter of lede van die Raad en/of hulle sekundusse word aangevul op 'n wyse soos dié hierbo uiteengesit.

(f) Elke klagte word deur die volle Raad aangehoor met dien verstande dat as enige lid, behalwe die Voorsitter, nie kan voortgaan totdat 'n besluit geneem is nie, die Voorsitter en die oorblywende lid kan voortgaan en hulle bevinding sal die bevinding van die Raad wees.

(g) Met oorweging van enige besondere saak mag die Raad enige een of meer van die plaasvervangende lede in 'n raadgewende hoedanigheid of as volle lede ko-opteer. (14/1/64)

3. PROSEDURE

(a) Die volledige prosedure van die Raad word gereguleer en beheer ter bevordering en ontwikkeling van die doelstellings soos in artikel 1 uiteengesit. Sake wat op enige vergadering van die Raad bespreek word, word deur 'n meerderheidstem beslis.

(b) Die gedrag van die pers of enige lid van die pers kan deur die Raad oorweeg word op grond van klagte wat by hom ingedien is.

(c) Die Raad kan van enige klaer vereis om nadere besonderhede te verskaf van enige aangeleenthede waaroor klagte ingedien is en moet vereis dat die klagte skriftelik geskied en deur 'n beëdigde verklaring gestaaf word. Geen klagte word oorweeg tensy die Raad meen dat die klaer nie tevrede gestel is nadat regstreekse vertoë tot die betrokke publikasie(s) gerig is nie, en dan alleen na betaling van 'n deposito van tien rand (R10.00) ten opsigte van elke klagte. Enige sodanige deposito sal terugbetaal word tensy die Raad bevind dat die betrokke klagte beuselagtig, ligsinnig of ergerlik is of dat daar, toe die klagte aanhangig gemaak is, geen redelike grond voor was nie.

(d) Waar 'n klagte ingedien word betreffende enige berig afkomstig uit Suid-Afrika wat in die buiteland oor Suid-Afrika gepubliseer is, kan die Raad sodanige klagte oorweeg indien syns insiens 'n prima facie-saak voorgelê is van 'n skending van die kode waarna in artikel 1 hierbo verwys is.

(e) Die Raad oorweeg geen vertoë betreffende enige saak wat behoorlik kragtens die wet gehanteer kan word nie.

(f) Volgende op enige ondersoek insake 'n oortreding van die kode, kan die Raad:

(i) Enige eienaar, redakteur of joernalis berispe wat skuldig bevind is aan 'n oortreding van die kode;

(ii) Sy bevinding, tesame met die berisping, laat publiseer in sodanige publikasies en op sodanige wyse as waartoe deur die Raad besluit word;

(iii) Waar nodig 'n korreksie laat publiseer in sodanige publikasies

en op sodanige wyse as waartoe deur die Raad besluit word.

(g) Sodra 'n klagte by die Registrateur van die Raad ingedien is, sal die aangeleentheid as sub judice beskou word totdat die Raad finaal daaroor besluit het. (15/10/63)

4. FINANSIES

Die Persunie van Suid-Afrika verskaf die geldmiddele vir die werking van die Raad, insluitende reis- en onderhoudstoelae en vergoeding vir Raadslede onderwyl hulle in sitting is.

5. SEKRETARIAAT

Die Persunie van Suid-Afrika se sekretariaat verskaf alle sekretariële en klerklike dienste.

6. ONTTREKKING

Aangesien die nakoming van die kode en die jurisdiksie van die Raad op 'n vrywillige grondslag geskied, kan enige eienaar, redakteur of joernalis wat die kode en die jurisdiksie van die Raad aanvaar het, te eniger tyd sodanige aanvaarding deur skriftelike kennisgewing aan die Persunie van Suid-Afrika terugtrek, met dien verstande dat sodanige kennisgewing nie as geldig beskou word solank enige klagte teen die persoon wat kennis gee, ondersoek word nie, of ten opsigte van 'n klagte wat voortvloei uit stof wat voor die datum van kennisgewing gepubliseer is nie.

7. VERANDERING VAN GRONDWET

Hierdie grondwet kan verander, uitgebrei of gewysig word deur die Uitvoerende Raad van die Persunie van Suid-Afrika wat aanbevelings van die Raad kan oorweeg.

## BYLAE C

## G E D R A G S K O D E

1. Daar word aanvaar dat die vryheid van die pers onafskeibaar is van dié van die indiwidu, dat dit onderworpe is aan dieselfde wetlike en morele beperkinge as die indiwidu, en dat om indiwiduele vryheid ongeskonde te bewaar, dit almal wat by die pers betrokke is, betaam om die allerhoogste standaarde te handhaaf in die uitvoering van die taak van nuusblaaie om die publiek volgens die juiste feite in te lig en om billike kommentaar te lewer.

2. Wat nuus aanbetref, word daar spesifiek aanvaar dat:

(a) In die aanbieding van nuus daar geen opsetlike afwyking van feite moet wees nie, deur -

(i) verdraaiing
(ii) betekenisvolle weglatings
(iii) die proses van opsomming

(b) Publikasies moet slegs as feite publiseer wat redelikerwys as waar beskou word, met inagneming van die bron, en sodanige feite moet eerlik weergegee word met genoegsame inagneming van samehang en belangrikheid.

(c) Waar enige rede bestaan om die juistheid van 'n nuusberig in twyfel te trek, en waar dit binne praktiese perke gekontroleer kan word, behoort dit voor publikasie gedoen te word.

(d) Nuusberigte moet vry wees van bewimpeling, skewe voorstellings of beklemtoning wat tot gevolg het dat die bepalings van klousule 2(a) en (b) geskend word.

(e) Opskrifte moet die inhoud van die nuusberig of -artikel waarbo hulle verskyn, billik weerspieël.

(f) Plakkate moet nie oordryf nie en moet die nuusberig of -artikel waarna hulle verwys, billik weerspieël.

(g) Buitensporigheid by die rapporteer en aanbied van seksuele aangeleenthede behoort vermy te word of dit nou oor verslaggewing oor hofsake of andersins gaan.

(h) Die gebruik van onkiese, wellustige en sodanige onwenslike stof in die algemeen, behoort vermy te word.

3. Wat kommentaar aanbetref, word daar aanvaar dat:

(a) Kommentaar gelewer moet word op feite wat getrou aangegee word soos aangedui in klousule 2 hierbo.

(b) Kommentaar die eerlike uiting van sodanige mening moet wees, ontdaan van kwaadwilligheid en nie gevorm deur oneerlike motiewe nie.

(c) Kommentaar duidelik as sodanig onderskei behoort te word.

(d) Terwyl die pers sy tradisionele reg behou om te kritiseer, behoort kommentaar rekening te hou met die ingewikkelde rasseprobleme van Suid-Afrika, die algemene welsyn en die veiligheid van die land en sy mense.

BYLAE D

Ingevolge die nuwe Verdedigingswet mag koerante en ander media sonder goedkeuring vooraf van die volgende bedrywighede van die Weermag berigte plaas:

| REEKSNOMMER<br>a | GESAG<br>b | ONDERWERP<br>c |
|---|---|---|
| 1 | KG, SAW | Geen beperking nie. |
| 2 | BMV | Enige aangeleentheid wat binne hulle normale sfeer van funksies val, met uitsondering van aangeleenthede wat op die verklaring of formulering van nuwe beleid betrekking het. |
| 3 | BGGGM | |
| 4 | H. Leër | Enige aangeleentheid wat binne hul Weermagsdeel ressorteer, met uitsondering van aangeleenthede wat op die verklaring of formulering van nuwe beleid betrekking het. |
| 5 | HLM | |
| 6 | H Vloot | |
| 7 | HVS | |
| 8 | HWA | Enige aangeleentheid wat binne hulle normale sfeer van funksies val, met uitsondering van aangeleenthede wat op die verklaring of formulering van nuwe beleid betrekking het. |
| 9 | HLD | |
| 10 | GG | |
| 11 | Komptroleur, SAW | |
| 12 | Kommandements-/ Groeps-(of Vlootekwivalent bevelvoerders. | i. Die aankoms en vertrek van lotelinge, Burgermageenhede en Kommando's vir opleiding.<br>ii. Gegewens van 'n algemene of geroetineerde aard, wat eenhede en indiwidue tydens militêre opleiding ondervind bv. gedurende die kamp, bivakke ens.<br>iii. Uitnodigings aan die publiek om parades en spesiale maneuvers by te woon.<br>iv. Seremoniële aangeleenthede vir sover dit in ooreenstemming is met bestaande regulasies en algemene seremoniële instruksies.<br>v. Publieke militêre parades en demonstrasies, insluitende vliegvertonings. |

| | | |
|---|---|---|
| | | vi. Militêre optrede by nasionale feeste en ander openbare feeste en skoue. |
| | | vii. Militêre hulpverlening in noodgevalle. |
| | | viii. Ouerdae by militêre opleidingseenhede. |
| | | ix. Roetine vliegtuig-, skeeps- en ander troepebewegings (met uitsondering van vreemde vliegtuie, skeeps- en troepebewegings). |
| 13 | Eenheidsbevelvoerders | Binne hul diskresie: i. Sport, ii. Welsyn, iii. Eenhede se sosiale aangeleenthede, iv. Siekte en ander ongevalle. |

Die afkortings beteken die volgende:

| | |
|---|---|
| KG, SAW | Kommandant-Generaal, S.A. Weermag. |
| BMV | Bevelvoerder, Maritime Verdediging. |
| BGGGM | Bevelvoerende Generaal, Gesamentlike Gevegsmagte. |
| H. Leër | Hoof van die Leër. |
| HLM | Hoof van die Lugmag. |
| H Vloot | Hoof van die Vloot. |
| HVS | Hoof van Verdedigings-Staf. |
| HWA | Hoof, Weermagadministrasie. |
| HLD | Hoof, Logostiekdiens. |
| GG | Geneesheer-Generaal. |
| Komptroleur, SAW | Komptroleer, S. A. Weermag. |

78/724